# DIE HISTORIESE AGTERGROND VAN DIE KERKWET VAN 1862 VAN DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK IN DE ZUID-AFRIKAANSCHE REPUBLIEK

## INLEIDING

Die **Reglementen voor het Nederduitsch-Hervormde Kerk in de Zuid-Afrikaansche Republiek** van 1862, was die eerste amptelike Kerkwet van die Kerk noord van die Vaalrivier, alhoewel daar reeds vroeër in die **Staats-Courant** van 28 Mei 1858 Kerkelijke Wetten verskyn het.

Daar is naamlik reeds op die Algemene Kerkvergadering van 1853 aan ds. D. van der Hoff en ouderling F. G. Wolmarans opdrag gegee om 'n eie Kerklike Wetboek op te stel. Teen 1857 was hierdie wette gereed en is dit ook as sodanig in die genoemde staatskoerant gepubliseer [1]) Hierdie wette is egter nooit deur die Volksraad van die Zuid-Afrikaansche Republiek bekragtig nie en het dus nooit regsgeldigheid gehad nie. [2]).

In 1861 is daar toe weer deur die Algemene Kerkvergadering aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, bestaande uit di. D. van der Hoff, A. J. Begemann en G. W, Smits asook drie ouderlinge, opdrag gegee om 'n Kerwet op te stel. In Augustus 1862 was die wette gereed en is op 24 Oktober 1863 deur die Volksraad bekragtig as Reglementen voor de **Nederduitsch-Hervormde Kerk in de Zuid**-Afrikaansche Republiek.[3]).

Die Kerkwet van 1862 was egter nie alleen die eerste amptelike Kerkwet van die Kerk in Transvaal nie, maar dit was ook een van die eerstes van die Hollands-Afrikaanse Kerke in Suid-Afrika. Slegs die Kerkwette van 1824 en 1842 van die Kaapse Kerk kan as eie Kerkwette in Suid-Afrika van ouer datum beskou word. [4]).

Hierdie twee Kerkwette van die Kaapse kerk, maar veral die Kerkwet van 1842, kan beskou word as die voorloper en model vir die Kerkwet van 1862 van die Nederduitsch Hervormde Kerk in die Zuid-Afrikaansche Republiek. Die styl van die Kerkwet van 1862 was dan ook

---

[1]) S. P. Engelbrecht; *Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika,* Pretoria-Kaapstad, Derde Druk, 1953, bls. 137.

[2]) Die Nederduitsch Hervormde Kerk was nl. die Staatskerk en as sodanig moes die Kerklike Wette deur die Volksraad bekragtig word om regsgeldigheid te hê.

[3]) S. P. Engelbrecht, *a.w.,* bls. 137-138. Vgl. voetnoot 1 bls. 138

[4]) Die Kerkorde van die Afgeskeie Gereformeerde Kerk kan nie as van vroeëre datum beskou word nie. Alhoewel Ds. D. Postmas 'n eie Kerkorde opgestel het wat afsonderlik in Transvaal, in die Vrystaat en in die Kaapkolonie goedgekeur is gedurende die jare 1859-60, het die eerste Sinode van die Afgeskeie Kerk dit in 1862 verwerp en besluit om die Dordtse Kerkorde aan te neem.
S. P. Engelbrecht, *a.w.,* bls. 27 voetnoot 2, Vgl. F. E. o'B. Geldenhuys, *Die Regsposisie van Kerkraad, Ring en Sinode* Pretoria 1951, bls. 72

dieselfde as dié van die Kaapse Kerk, hoewel daar tog ook veranderinge aangebring is [5]).

Dit is nie te verwonder nie, aangesien hierdie wette bekend was en ook dikwels, voordat 'n eie Kerklike Wetboek saamgestel is, in die Kerk in Transvaal gebruik is vir sover dit nie in stryd was met die aangenome beginsels nie.[6]).

Die Kerkwet van 1824 het egter op sy beurt weer sy ontstaansmoontlikheid in die Kerkorde van De Mist van 1804 gehad en toon verder baie duidelike ontlenings aan die **Algemeen Reglement** van die Hervormde Kerk van Nederland. [7]).

Die vraag bestaan egter of De Mist deur sy **Kerken-Ordre** van 1804, enige bestaande Kerkorde opgehef of vervang het. Om dit te bepaal sou dus vasgestel moet word of daar wel 'n geldende Kerkorde voor 1804 bestaan het.

Om dus 'n duidelike geheelbeeld te kan vorm van die historiese agtergrond van die Kerkwet van 1862, sou die volgende sake dus nader besien moet word: Die Kerkinrigting aan die Kaap tussen 1652 en 1804; De Mist se Kerkorde 1804; Die Algemeen Reglement van die Hervormde Kerk van Holland 1816; asook die Kerkwette van 1824 en 1842 van die Kaapse Kerk.

## DIE KERKINRIGTING VAN DIE KAAPSE KERK TUSSEN 1652 en 1804.

Hier moet voorop gestel word dat daar gedurende hierdie tydperk geen selfstandige kerkorde in die Kaapse Kerk bestaan het nie en dat 'n handelsliggaam naamlik die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie in hierdie tyd formeel beheer oor die Kaapse Kerk gehad het.

Alhoewel die koms van Jan van Riebeeck na die Kaap uitsluitlik was om 'n verversingstasie met die oog op die handel tussen Nederland en Indië, te begin, en nie 'n volksplanting nie, het die Hervormde Kerk van Nederland tog ook sy weg na die Kaap gevind. Dit was naamlik die gebruik dat die Kerk persone met die handelskepe van die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie en Wes-Indiese Kompanjie gestuur het om sowel ter see as op land die Evangelie te verkondig en sodoende het daar op baie plekke die sogenaamde handelskerke ontstaan. [8]). Die Kompanjie het

---

5) S. P. Engelbrecht, *a.w.*, bls. 138.

6) S. P. Engelbrecht, *a.w.*, bls. 137. Reeds Piet Retief het die Kerkwet van 1824 gebruik om kerksake te reël.

7) Soos later sal blyk was De Mist se Kerkorde eerder 'n Kerkordonnansie as 'n Kerkorde. S. P. Engelbrecht, *a.w.*, bls. 27 en 138.

8) S. P. Engelbrecht, *a.w.*, bls. 8.

die onkoste in verband met hierdie kerk gedra, maar het dan ook die direkte beheer oor die kerke gehad. [9]).

Aan die Kaap was dit dan ook nie anders nie en het die Kompanjie die predikante aangestel as blote Kompanjiesdienare met die rang van onderkoopman en hulle besoldig. Die Kompanjie het verder ook nog seggenskap gehad in ander Kerklike sake soos die aanstelling van ander Kerklike ampsdraers, die stig van nuwe gemeentes en die oprigting van Kerkgeboue en pastorië. [10]).

Die Kompanjie het aan die Kaap die Politieke Raad as sy plaaslike bestuursliggaam ingestel, waardeur hy alle sake, ook die Kerksake, aan die Kaap gereël het. Alle besluite deur die plaaslike Kerkrade moes eers deur die Politieke Raad goedgekeur en bekragtig word en 'n Kerkraad kon ook nooit vergader sonder toestemming van die Politieke Raad en sonder dat 'n verteenwoordiger van die Politieke Raad teenwoordig was nie. [11]).

Dit is dus duidelik dat die Kerk in 'n toetsand van onderhorigheid aan die Kompanjie was en daar dus nie van 'n eie selfstandige Kerkorde sprake kon wees nie. Teen hierdie onderhorigheid aan die Kompanjie het die Kerk hom egter nie verset nie, maar het self die owerheid meer en meer in suiwer kerksake betrek. [12]).

Hirdie toedrag van sake val egter nie moeilik te begrype as die verhouding tussen Kerk en Staat in Nederland gedurende die sewentiende en agtiende eeue nagegaan word nie.

Anders as Rome, wat die idee van die Kerkstaat probeer uitwerk het, het die Reformatore en by name Johannes Calvyn 'n strenge onderskeiding gemaak tussen staat en Kerk. Beide is as instelling van God gesien, maar as onderskeie, selfstandige en naasmekaar bestaande groothede wat elk 'n eie taak op eie terrein gehad het. Die owerheid het dan ook die verpligting teenoor die Kerk gehad om sy hand aan die heilige kerkdiens te hou, alle afgodery en valse godsdiens uit te roei en die Kerk te beskerm. [13]).

In Nederland het hierdie opvatting van Calvyn in verband met die

---

9) J. D. Vorster, *Die Kerkgeregtelike Ontwikkeling van die Kaapse Kerk onder die Kompanjie 1652-1795.* Potchefstroom 1956, bls. 35. Die Kompanjie het wel die Kerk erken insoverre dat geen predikant aangestel is wat nie eers deur die Klassis Amsterdam aangeneem, ondersoek en georden is die. Die geestelike versorging en toesig van die Kaapse Kerk is dan ook „min of meer" deur die Klassis Amsterdam behartig.

10) J. D. Vorster, *a.w.,* bls. 39.

11) J. D. Vorster, *a.w.* bls. 39.

12) J. D. Vorster, *a.w.,* bls. 45.

13) J. Calvinus, *Institutio Christianae Religionis,* IV, 10, 1, en IV, 10, 2. Vgl. F. E. o'B. Geldenhuys, *a.w.,* bls. 26 en vgl. ook die Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 36.

verhouding van Kerk en Staat ook weerklank gehad en is dit ook opgeneem in artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis wat in 1566 op die Sinode van Antwerpen aanvaar is. [14]). Kerk en owerheid is dus nie geskei nie maar onderskei, terwyl aan die owerheid gesag rondom die Kerk maar nie in die Kerk nie, toegeken is.

In Nederland het die Kerk egter self die owerheid meer en meer in Kerksake betrek, met die gevolg dat die owerheid naderhand oor baie Kerksake seggenskap gehad het. So het die owerheid onder andere approbasiereg gekry wat die beroeping van predikante en die besluite van Kerklike vergaderings aanbetref. [15]).

Dat die Kerk hierdie seggenskap van die owerheid in Kerksake lank sonder verset verdra het, moet gesoek word in die feit dat die Hervormde Kerk in Nederland die Staatskerk was en die owerheid 'n Hervormde owerheid. Die Hervormde kerk was die **ecclesia probata** en het staatserkenning en beskerming geniet, terwyl die ander kerke as **ecclesiae toleratae** beskou is. So kon alleen lede van die Hervormde Kerk staatsbetrekkinge beklee. [16]).

Met die totstandkoming van die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie het dit nie alleen van die State-Generaal die handelsmonopolie verkry nie, maar ook die bevoegdhede van 'n staatkundige moondheid. Die Kompanjie was dus feitlik die Nederlandse Owerheid in sy handelsgeweste en dus ook aan die Kaap. So het die Kompanjie in die handelsgebiede dieselfde rol gespeel teenoor die Kerk aldaar, as die State-Generaal in Nederland. Soos wat die State-Generaal die voedsterheer van die Kerk in Nederland was en alleen die Hervormde godsdiens erken het, so was die Kompanjie die voedsterheer van die Kerk in sy handelsgebiede en het ook aldaar slegs die Hervormde godsdiens erken. [17]).

Daarom is dit te begrype dat die Politieke Raad aan die Kaap soveel seggenskap in kerksake gehad het en die Kerk dit ook so aanvaar en verdra het. Tog het die Politieke Raad steeds, in ooreenstemming met die beginsel van artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Kerk in sy taak gesteun en veel vir die Kerk gedoen, veral op stoflike gebied. [18]).

Nog 'n rede wat daartoe meegewerk het om die goeie verhouding tussen die Kaapse Kerk en die Kompanjie te bevorder en die Kerk daartoe gebring het om die seggenskap van die Kompanjie in kerksake te aanvaar en nie op 'n eie selfstandige kerkorde aan te dring nie, was die feit dat die

---

[14]) J. D. Vorster, *a.w.*, bls. 22vv.

[15]) J. D. Vorster *a.w.*, bls. 23.

[16]) F. E. o'B. Geldenhuys, *a.w.*, bls. 39.

[17]) S. P. Engelbrecht, *Die Kaapse Predikante van die Sewentiende en Agtiende eeu*, Kaapstad-Pretoria 1952, bls. 8.

[18]) J. D. Vorster, *a.w.*, bls. 45.

Politieke Raad aan die Kaapse Kerk veel beweegruimte gelaat het om steeds met die Kerk in Nederland in verbinding te bly en dan by name met die klassis Amsterdam en die Sinode van Noord-Holland. [19]).

Die Klassis Amsterdam het dan ook „min of meer" die geestelike toesig en versorging van die Kaapse Kerk behartig. So was byna al die predikante wat in die Kaapse Kerk gearbei het, deur hierdie Klassis georden en uitgestuur. [20]). Verder is daar ook deur die Klassis 'n liggaam in die lewe geroep bekend as die **Deputati ad res Indicas** om die Indiese en dus ook die Kaapse Kerksake te reël. Hierdie **Deputati ad res Indicas** was feitlik die verteenwoordigers van die Kaapse Kerk op die Klassis Amsterdam. [21]). Die Kaapse Kerk het dan ook die Klassis as 'n meerdere vergadering erken en as sodanig met die Klassis gekorrespondeer, van die Klassis raad gevra en getrag om sover moontlik die besluite van die Klassis uit te voer. [22]).

Daar het egter tog ook gedurende die tydperk van die bewind van die Kompanjie 'n gebeurtenis plaasgevind wat van kerkregtelike betekenis was en wat as die eerste stap op die pad, wat later tot 'n selfstandig georganiseerde Kerk sou lei, beskou kan word.

Namate die Kerk aan die Kaap uitgebrei het, is die behoefte aan 'n band van gemeenskap al sterker gevoel. Met toestemming van die goewerneur en die Politieke Raad het die verskillende Kerkrade toe vanaf 1746 jaarliks byeengekom as 'n **Classicale Vergadering:** [23]).

> „omme alzoo alle voorkomende Kerkelijke
> zaken met malkanderen . . . . af te handelen".

Die Klassis Amsterdam was met hierdie vergadering baie ingenome, maar het tog met reg beswaar gemaak teen die benaming, omdat hierdie vergadering nie die bevoegdhede van 'n Classicale vergadering gehad het

---

19) J. D. Vorster, *a.w.*, bls. 68vv. Die Klassis Amsterdam het onder die Sinode van Noord-Holland resorteer.

20) A. Morrees, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1652-1873,* Kaapstad 1937, bls. 52.

21) S. P. Engelbrecht, *Kaapse Predikant,* bls. 10 en J. D. Vorster, *a.w.*, bls. 75.

22) J. D. Vorster, *a.w.*, bls. 73-76. Na aanleiding van hierdie verbinding wat daar tussen die Kaapse Kerk en die Klassis Amsterdam bestaan het, wil sommige navorsers dat die Dordtse Kerkorde teoreties en juridies gesien, die geldende Kerkorde aan die Kaap was (J. D. Vorster, *a.w.*, bls. 85), en dat die Kerk aan die Kaap dit ook sover moontlik prakties toegepas het. (J. D. Vorster, *a.w.*, bls. 89.) Dit is egter foutief. In Nederland self was daar geen algemeen geldende Kerkorde nie, ook nie die Dordtse Kerkorde nie. Slegs enkele van die nege provinsies het wel die Dordtse Kerkorde ingevoer. Die Provinsie Noord-Holland het dit in 1624 verwerp en dus kon dit ook nie in die Klassis Amsterdam geldig gewees het nie. Vgl. S. P. Engelbrecht, *Geskiedenis,* bls. 26.

23) Vgl. S. P. Engelbrecht, *Geskiedenis,* bls. 21-23. Teen 1750 was daar reeds vyf gemeentes aan die Kaap.

nie. [24]). Daarop is die benaming toe verander na **Gecombineerde Kerkvergadering.**

Ongelukkig egter was hierdie vergadering nie 'n lang lewe beskore nie en is reeds in 1759 afgeskaf omdat dit in botsing gekom het met die Klassis Amsterdam vanweë die feit dat die gekombineerde Kerkvergadering onverstandig genoeg was om ook nog met die Klassis Delft en Schieland te korrespondeer. [25]).

Opsommend kan dus gesê word dat daar gedurende die tydperk 1652 tot 1804 geen selfstandige eie Kerkorde in die Kaapse Kerk gegeld het nie en dat die Kerk onderhorig was aan die Kompanjie. Die Kaapse Kerk het tog egter in verbinding met die Kerk in Nederland gebly en dan by name met die Klassis Amsterdam wat min of meer die geestelike versorgster van die Kaapse Kerk was.

Hierdie toestand het so gebly totdat die Kerkorde van De Mist 'n groot verandering gebring het.

## DIE KERKORDE VAN J. A. DE MIST 1804

Die eerste oorname van die Kaap deur die Engelse in 1795 het geen verandering in godsdienssake gebring nie. In 1803 is die Kaap weer aan Nederland teruggegee en wel aan die Bataafse Republiek, wat intussen die ou Republiek van die Verenigde Nederlande vervang het. [26]).

Een van die gevolge van die Franse Rewolusie was dat die Christelike staat vervang is deur 'n neutrale staat en dit het weer gelei tot die skeiding van Kerk en Staat, wat teen 1795 in Nederland voltooi is.

Met die teruggawe van die Kaap aan die Bataafse Republiek, het ook die Kaapse owerheid nou 'n neutrale owerheid geword en kon die Kerk nou nie meer op diesefde bevoorregte posisie en owerheidssteun as vroeër staatmaak nie. Hierdie nuwe toedrag van sake het tot gevolg gehad dat die Lutherse Kerk aan die Kaap by Kommissaris-Generaal De Mist aangedring het om nou op gelyke voet met die Hervormde Kerk of Staatskerk gepaas te word, [27]). Die Hervormde Kerkraad van Kaapstad het egter op sy beurt ook 'n memorie ingedien, waarin gevra is dat die verskillende gemeentes onder een Kerkverband geplaas sal word, en dat 'n sentrale Kerklike vergadering ingestel sal word wat dan ook eie plaaslike bepalings

---

24) 'n Klassis het in die dae die bevoegdheid gehad om Kerklike eksamen af te neem, predikante beroepbaar te stel en te orden.
Sien S. P. Engelbrecht, *Geskiedenis*, bls. 23.

25) S. P. Engelbrecht, *Geskiedenis*, bls. 23.

26) S. P. Engelbrecht, *Geskiedenis*, bls. 25.

27) A. Dreyer, *Boustowwe vir die Geskiedenis van die Nederduits Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika*, Deel III, Kaapstad 1936, bls. 3-6.

sal kan maak, onderworpe aan die goedkeuring van die Klassis Amsterdam. [28]).

Hierop het Kommissaris-Generaal De Mist dan sy **Kerken-Ordre** van 1804 uitgevaardig om daarmee die kerksake van alle Kerke aan die Kaap te probeer reël. [29]).

Die benaming **Kerken-Ordre** was egter mindergelukkig en het ook baie misverstand veroorsaak, aangesien dit geen Kerkorde is nie maar alleen 'n Kerkordonnansie [30]).

> „wat die moontlikheid bevat het en die raamwerk geskep het om tot 'n eie Kerkwet of Kerkorde te geraak".

De Mist se Kerkorde kom dus geen bestaande kerkorde afskaf nie, maar het wel die moontlikheid vir die totstandkoming van 'n eie selfstandige Kerkwet geskep. Netsomin kon 'n Kerkwet hierdie **Kerken-Ordre** van De Mist vervang en moes dit geskied deur 'n ordonnansie. [31]).

De Mist se Kerkorde het in twee hoofdele uiteen geval. Die eerste hoofdeel het algemene beginsels en bepalinge bevat wat die skeiding tussen Kerk en Staat op Suid-Afrika toegepas het, soos dit reeds in Nederland bestaan het. Die tweede hoofdeel het uit voorskrifte bestaan omtrent die bestuur van die kerkgenootskappe wat aan die Kaap toegelaat is. [32]).

Daar die Hervormde Kerk die grootste was, is vir hierdie Kerk „byzondere voorzieningen, bepalingen en hulpe van het Gouvernement" gemaak. [33]). Die Hervormde Kerk het dus tog nog tot 'n sekere mate 'n bevoorregte posisie gehad.

Alhoewel die Kerkorde van De Mist vir die Kerk baie nadele ingehou het, byvoorbeeld dat die Kerk nog in vele opsigte aan die owerheid onderhorig was en buitendien nou ook nog aan 'n neutrale owerheid, het dit tog ook vele voordele vir die Kerk meegebring. So is die moontlikheid nou geskep dat die Kerk langs die weg van geleidelike ontwikkeling hom uiteindelik self sou kon bestuur. Artikel 46 en volgende het dan die moontlikheid geskep dat 'n Algemene Kerkvergadering tweejaarliks kon vergader wat eie kerklike wette kon maak en ander bestuursliggame kon aanstel. Dit was nie maar net 'n herinstelling van die Gekombineerde Kerkvergadering van 1746 tot 1759 nie, maar dit was die begin van 'n

---

28) A. Dreyer, *a.w.*, bls. 6-8.
29) S. P. Engelbrecht, *Geskiedenis*, bls. 26.
30) S. P. Engelbrecht, *Geskiedenis*, bls. 26. De Mist het ook sy skoolordonnansie van 1804 School-Ordre genoem. A. Dreyer, *a.w.*, bls. 31.
31) Dit het dan ook geskied deur ordonnansie 7 van 1843. Vgl. S. P. Engelbrecht, *Geskiedenis*, bls. 27-28, A. Moorrees, *a.w.*, bls. 448.
32) S. P. Engelbrecht, *Geskiedenis*, bls. 26 en A. Dreyer, *a.w.*, bls. 12.
33) Vgl. artikel 20 van die kerkorde. A. Dreyer, *a.w.*, bls. 12.

totaal nuwe Kerklike Organisasie wat voor die tyd nie bestaan het nie. [34]). Die Kerkorde van De Mist was dus 'n besliste stap vorentoe op die pad wat later tot die selfstandige ontwikkeling van die Kerk sou lei.

Met die tweede oorname van die Kaap deur die Engelse in 1806 het daar egter vertraging gekom, sodat die Kerkorde van De Mist nie dadelik in werking kon tree nie. Die eerste Algemene Kerkvergadering van die Kaapse Kerk wat kragtens hierdie kerkorde kon plaasvind, het toe eers in 1824 vergader.

## DIE KAAPSE KERKWET VAN 1824

Een van die belangrikste sake wat die eerste Algemene Kerkvergadering van 1824 ter hand geneem het, was die opstel van 'n eie Kerkwet. Dit was nou meer noodsaaklik as ooit tevore dat die Kaapse Kerk 'n eie selfstandige Kerkorde sou kry, aangesien die Kaap nou permanent onder die vreemde Engelse owerheid gekom het en die bande wat tot dusver met die Kerk in Nederland bestaan het, nou ook al losser geword het.

Die Algemene Kerkvergadering van 1824 het by die opstel van 'n eie Kerkwet die **Algemeen Reglement voor het bestuur der Hervormde Kerk in het Koninkryk der Nederlanden** as rigsnoer gebruik. Hierdie Algemeen Reglement is in 1816 in Nederland ingevoer deur Koning Willem I om orde in die Kerklike sake te herstel wat in 'n toestand van verwaring geraak het tydens die Franse oorheersing. [35]),

Die Algemeen Reglement van 1816 het die Kerk onder 'n sinode as eenheidsband gebring, maar onder die oppervoogdyskap van die Staat. Hierdie Reglement was op Kollegialistiese lees geskoei en die Kerk is as 'n blote vereniging of collegium in die Staat gesien. Alhoewel die Reglement orde gebring het waar daar chaos was, was dit tog in stryd met die Hervormde Kerkreg. [36]).

Waar die Algemeen Reglement van 1816 as rigsnoer gebruik is by die opstel van die Kaapse Kerkwet van 1824, kan dit dus ook verwag word daar wel ontlenings uit die Algemeen Reglement van 1816 gemaak sou word. Reeds die betiteling van die Kaapse Kerkwet van 1824 toon aan dat die Algemeen Reglement van 1816 gebruik is as rigsnoer. Die Kerkwet van 1824 is dan ook genoem: **Algemeen Reglement voor het Bestuur der Nederduitsch Hervormde Kerk in Zuid-Afrika.** Nog 'n bewys van die invloed van die Algemeen Reglement van 1816 op die Kaapse Kerkwet is die talle artikels wat die seggenskap van die owerheid in

---

34) S. P. Engelbrecht, *Geskiedenis,* bls. 27.
35) A. Moorrees, *a.w.,* bls. 553, en S. P. Engelbrecht, *Geskiedenis,* bls. 14.
36) S. P. Engelbrecht, *Geskiedenis,* bls. 15; F. E. O'B. Geldenhuys, *a.w.,* bls. 30vv. Vgl. ook Th. L. Haitjema, *Nederlands Hervormd Kerkrecht,* Nijkerk 1951, blz. 41-51.

Kerksake erken het. [37]). Verder is daar weinig rekening gehou met die verband wat daar tussen belydenis en Kerkbestuur moes bestaan en is daar feitlik alleen aandag aan die bestuur van die Kerk gegee. [38]).

Die Kerwet van 1824 het uit vyf afdelings bestaan. Die eerste afdeling het algemene bepalings bevat in verband met die bestuur van die Kerk. Die bestuur van die Kerk sou gemeentelik, ringsgewyse en sinodaal uitgeoefen word. [39]).

In afdeling twee is gehandel oor die Algemene Kerkvergadering in die besonder. Artikel 9 lui : „De hoogste directie der Hervormde Kerk in deze Volkplanting omtrent Kerkelyke zaken berust by de Algemene Kerk Vergadering". Tog was die handelinge van die Algemene Kerkvergadering steeds aan die goedkeuring van die owerheid onderwerpe. (vgl. artikels 11, 12 en 19).

In die derde afdeling is bepaal dat die gemeentelike bestuur sou rus in die hande van die Kerkraad wat sou bestaan uit die plaaslike predikant of predikante en die ouderlinge en diakens.

Afdeling vier het oor die godsdiens-onderwys gehandel en het veral die oog gehad op die kategese van voornemende lidmate. Hier word die **Heidelbergse Kategismus** en die **Korte Begrip** aangemerk ‚als de fundamentele boeken van onderwys". [40])

Die vyfde afdeling het oor die opsig en tug gehandel. Oor die gemeente het die Kerkraad opsig gehou en kon na die Ring geappéleer word ingeval van ontevredenheid. Die Algemene Kerkvergadering het oor die predikante, ouderlinge en diakens opsig gehad, met die owerheid as appél-moontlikheid.

Die Kerkwet van 1824 bevat nêrens 'n artikel wat bepaal dat die Kerk hom grond op die Bybel as die Woord van God nie. Aan sake soos die belydenis van die Kerk, die ampte, die apostolaat, ensomeer word geen aandag in die Kerkwet gegee nie. Dit is duidelik dat byna alle aandag op die bestuur van die Kerk geval het.

Die Algemene Kerkvergadering van 1824 het die Kerkwet wat deur hulle opgestel is, as „modificatien en byvoegzels" by die **Kerken-Ordre** van De Mist beskou, terwyl die **Kerken-Ordre** van De Mist as grondwet vir die Kerk aanvaar is en as uitgangspunt vir die opstel van 'n eie

---

37) Vgl. bv. Artikels 11 12, 19, 46 ens.
38) Vgl. A. Moorrees, *a.w.*, bls 553 en Th. L. Haitjema *a.w.*, blz. 49.
39) Artikel 1.
40) Artikel 31. A. Dreyer, *a.w.*, bls. 219.

Kerkwet gegeld het [41]. Die Kerkwet van 1824 het dus nie en kon ook nie die Kerkorde van De Mist vervang nie. [42].

Die seggenskap wat die neutrale owerheid in die Kerksake aan die Kaap verkry het deur die Kerkorde van De Mist, het dus gebly en die Kerk het nou ook nog daardie seggenskap deur artikels in sy eie Kerkwet erken. Dit het dus beteken dat die vreemde Engelse owerheid seggenskap in die Kaapse Kerk gehad het.

Alhoewel die Kaapse Kerkwet van 1824 dus aan vele gebreke mank gegaan het, het dit tog in die onmiddelike behoefte voorsien en kan as 'n belangrike mylpaal op die pad van die selfstandige-wordende kerk in Suid-Afrika beskou word.

## DIE KAAPSE KERKWET VAN 1842

Gedurende 1842 het die Sinode van die Kaapse Kerk van die Goewerneur die vergunning verkry om nie alleen die Kerkwet van 1824 nie, maar ook die Kerkorde van De Mist, te hersien en veranderings en toevoegings te maak. [43]. Deur Ordonnansie 7 van 1843 is die Kerkorde van De Mist toe afgeskaf en is die hersiene Kerkwet bekragtig en as „**Schedule**" aan die ordonnansie toegevoeg. [44]

Ordonnansie 7 het wel aan die Kerk nog groter vryhede as vroeër verleen, maar tog het die Engelse goewerneur nog baie seggenskap in kerksake bly behou, onder andere die reg om predikante in vakante gemeentes aan te stel, aangesien die Staat hulle salarisse betaal het. [45].

Die belangrike verandering wat die Sinode van 1842 aan die Kerkwet van 1824 aangebring het en wat ook later in die Kerk in Transvaal beroeringe sou veroorsaak, was die verandering van die naam van die Kerk van **Nederduitsch Hervormd** na **Nederduitsch Gereformeerd**. [46].

Dit was dan ook dié naam wat ds. D. van der Hoff aan die Kaap aangetref het en wat hy ook later deurgaans gebruik het in teenstelling met die ou Voortrekkers wat meesal die naam **Nederduitsch Hervormd** gebruik het. So het hy byvoorbeeld in die onoffisiële Kerkwet van 1857 hierdie naam gebruik in teenstelling met die ontwerp grondwet van 1855 en die grondwet van 1857 en 1858 van die Zuid-Afrikaansche Republiek, waar die naam **Nederduitsch Hervormd** gebruik is. [47].

---

[41]) Vgl. die besluit van die Algemene Kerkvergadering. A. Dreyer, *a.w.*, bls. 208 en F. E. o'B. Geldenhuys, *a.w.*, bls. 43.

[42]) S. P. Engelbrecht, *Geskiedenis*, bls. 27vv.

[43]) F. E. o'O. Geldenhuys, *a.w.*, bls. 46.

[44]) S. P. Engelbrecht, *Geskiedenis*, bls. 28.

[45]) F. E. o'B. Geldenhuys, *a.w.*, bls. 50.

[46]) S. P. Engelbrecht, *Geskiedenis*, bls. 28.

[47]) S. P. Engelbrecht, *Geskiedenis*, bls. 140.

In die eerste amptelike Kerkwet van die Kerk in die Zuid-Afrikaansche Republiek van 1862, word die naam **Nederduitsch Hervormd** egter gebruik.

## SLOT

Tenslotte kan dus opgemerk word dat daar onder die bestuur van die Kompanjie geen eie selfstandige Kerkorde bestaan het nie en dat die Kerk onderhorig was aan die owerheid. Die **Kerken-Ordre** van De Mist, wat eintlik 'n Kerkordonnansie was, was 'n groot stap vorentoe, insover die moontlikheid nou geskep is vir die Kerk om hom langs die weg van geleidelike ontwikkeling self te bestuur. Tog het die owerheid veel seggenskap in die Kerksake bly behou, en dit terwyl die owerheid nou 'n neutrale owerheid geword het.

Die Kerkwet van 1824 was die eerste eie Kerkwet wat deur die Kaapse Kerk opgestel is. Heirdie Kerkwet toon egter duidelik ontlenings aan die **Algemeen Reglement** van 1816 van die Kerk in Nederland, wat weer Kollegialisties van aard was en waarin die oppervoogdyskap van die Staat oor die Kerk vasgestel is.

Met die opstel van die Kerkwet van 1862 van die Nederduitsch Hervormde Kerk in die Zuid-Afrikaansche Republiek is veral die Kaapse Kerkwet van 1824 as model gebruik. Dit is dus te verstane dat dit dieselfde gees sou adem en baie van dieselfde gebreke sou vertoon. Die verskille was daar tog egter ook.

Wat verder veral ook onthou moet word, is dat die ou Transvalers geen neutrale Staat of die skeiding tussen Kerk en Staat wou hê nie. Hulle het die gesag van die Staat rondom die Kerk erken en het steeds op die beginsel van Artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis gestaan, waarvolgens die owerheid die Kerk moes steun en beskerm. [48]).

S. J. BOTHA.

---

48) S. P. Engelbrecht, *Geskiedenis*, bls. 135.